

Pre-e-toria Geselsbrief
April 2003

Alle Belangstellendes in die Geskiedenis van ou Pretoria,

Ongelooflik!!! Ons is nou al 'n groep van 62 mense wat maandeliks die geselsbrief ontvang. Ek het nooit kon dink dat daar so baie mense is wat nog in die geskiedenis van Pretoria en sy mense belangstel nie.

Terugvoering van verlede maand se brief:

Kerk van die Nederduitsch Hervormde Gemeente in Markstraat

Geen terugvoering. Miskien sal ons nog eendag so 'n foto ontdek.

Fort Schanskop

Behalwe Ploeger is daar Anton van Vollenhoven se boek : Die Militêre Fortifikasies van Pretoria 1880 - 1902 asook 'n boekie (meer 'n brosjure) Fort Schanskop Militêre Museum 1897 - 1978. 'n Paar reëls oor die fort verskyn in P J Greyling se boek: Pretoria en die Anglo-Boereoorlog - 'n Gids. [Anton Jansen]

A.g.v. die opgrawings gaan dit bietjie dol, maar Rosa en Estelle kan my kontak (ek ken beide). Hulle kan ook my boek raadpleeg. Glo my, dit wat nie in die boek is nie, is nie in Suid-Afrika beskikbaar nie. [Anton van Vollenhoven]

Prospect Huis

Op die Noord-Oostelike hoek van Schoeman en van der Waltstrate is die tremloodse. So ver my kennis strek is die foto wat jy gestuur het van die Prospeck (sic) Seminary - sien Lola Dunstan p 156 & 305- op die Suid-Oostelike hoek van die kruising waar tans die Ontvanger van Inkomstegebou (SAID) staan.

Die naam Prospect leef tans voort in die vierverdieping kantoor gebou te Schoemanstraat 317 (Erf 571) as Prospect House en huis ook kantore van SAID. [Anton Jansen]

Meimaand se brief

As ek so in die ou boeke blaai is dit opvallend hoe baie dinge wat ons vandag belangrik ag honderd jaar gelede al in mense se gedagtes was.

Niks nuut onder die son nummer 1.

Baie mense is vandag vreeslik trots op hul mooi e-pos en internet adresse bv. 'n paar in die landbou sektor is bv. mascor, safeed, agriserve, ostrmark.

Honderd jaar gelede het die mense nie elektroniese adresse gehad nie maar wel telegrafiese adresse. Die adresse is met net soveel sorg gekies soos vandag se e-pos adres. In Longlands [LON-01 p241-242] sien ons o.a. die volgende:

- * Algemene – G.A. Stultjes, General Life Insurance Co.
- * Atom – I.J. Lithauer Hy was ‘n “Auctioneer and valuator. Sy woonhuis was in Jess Cottage [Rider Haggard se verhaal speel daar af]
- * Aqua – Van Rijn en Idenburg. Verkopers van mineraalwater en ys.
- * Bagdad – Calcutta House. Indier winkel met takke in Queenstraat en Prinsloostraat
- * Epicopus – Bishop Bousfiel
- * Freezing – Cape Fisheries. Besigheid in die Markgebou op Markplein
- * Helios – Pretoria Lighting Company
- * Piano – Macay Bros. Musiekwinkel
- * Preserve – Jam Factory
- * Seeds – James Clark. Het ‘n kwekery in bloedstraat. Hy help om die eerste jakarandas te kweek in Pretoria.

Niks nuut onder die son nummer 2.

‘n Paar maande gelede was daar ‘n berig in die koerant i.v.m. probleme om genoeg brandstof te voorsien vir die Staatspresident se vliegtuig. [te min geld?] Ongeveer honderd en veertig jaar gelede het President Pretorius nie ‘n vliegtuig gehad nie maar hy het ook brandstof [vervoer] probleme gehad.

Hier volg ‘n uittreksel van ‘n brief wat H. van der Linden [Hy was o.a. Goeverments Sekretaris] op 4 Oktober 1864, namens Pres M.W. Pretorius, aan die Volksraad skryf: “..... vriendelyk verzoek hem een lap zaaigrond gelegen aan de spruit, ten West zyde van het dorp, te willen toekennen, om reden hy een stuk grond hoog nodig heeft, om voer te zaaien voor syne paarden, zonder welke het hem onmogelyk is zyn reisen te doen; en daar de werkzaamheden my opgelegd, en nog staan opgelegd te worde, vele syn, zoo is het toch onmogelyk om alles te koopen....” [ARG-08 p187]

Die Volksraad het as volg besluit “.....Voorgesteld door het Ed. Lid Otto en gesecondeerd door den Ed. Achtb. Voorzitter, dat aan zyn Hoof-Ed. 15 morgen gronds worden toegekend, tegen betaling van Rds. 400, mits er geene tegenwerpingen zyn. Algemeen aangenomen. Het Ed. Lid Badebhorst stemt tegen.....” [ARG-08 p61]

Niks nuut onder die son nummer 3

In ou Pretoria was daar ook al ‘n advertensie bylaag [Snuffelgids] in die koerante. In aanhangsel nummer twee ‘n daar ‘n paar advertensies van 1878.

Dit sal vreeslik interessante leesstof maak om die geskiedenis van die mense in die advertensies na te vors. Miskien doen ek dit nog eendag as een van die geselsbriewe.

Navrae:

Winston Churchill

My bedenkinge oor die die omstandighede waaronder hulle Britse held die "mighty Apies" geswem het word groter? Het iemand meer inligting [Ben Pretorius]

Boeke

Ek wil ook graag die vlg twee boeke bekom, miskien kan iemand help.

1. Straatname en plekname in die ou Pretoria.
2. Eugene Marais - The road to the Waterberg. [Nico Degenaar]

My Grandmother's Diary

Chris de Souza het in 1992 'n artikel met uittreksels uit die dagboek geskryf in die *Jaarboek van die Africana Vereeniging van Pretoria*. Hy het beplan om dit in boekvorm uit te gee. Ek wil graag weet waar ek hom kan kontak om 'n kopie van die boek te koop. Sy Ouma het dagboek gehou tydens die beleg van Pretoria [1899/1900] [Rosa Swanepoel]

Hoop hier was darrem iets wat u belangstelling geprikkel het.
Groete tot volgende maand

Rosa